# Nelson Mandela





## Graad 4: Geskiedenis


Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Kinderjare

Nelson Mandela is op 18 Julie 1918 in Mvezo in die Transkei gebore. Sy ouers het hom Dalibungha Rolihlahla Mandela genoem.



Nelson Mandela as 'n baba.



Transkei



Nelson Mandela se huis in Mvezo.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Kinderjare

Mandela het as kind vee opgepas en die plaaslike sendingskool bygewoon. Daar het sy onderwysers hom die naam “Nelson” gegee.



Nelson Mandela pas vee op.






Hulle familie eet kos wat oor ‘n oop vuur gaargemaak is.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Na skool

Werk as ‘n nagwag op die myn in Johannesburg.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Studentejare

Nelson Mandela begin sy studies by Fort Hare.
Daarna is hy na die Universiteit van Witwatersrand (WITS) in Johannesburg om regte te studeer.




Fort Hare



Universiteit van die Witwatersrand

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Studentejare

Hy het regte gaan studeer sodat hy mense kon help wat onder die apartheidswette gearresteer is.

Hy het gesien Suid-Afrika was nie regverdig nie – apartheid het mense verskillend behandel.









kool Mikro Kopiereg ©

# African National Congress

Nelson Mandela word ‘n lid van die African National Congress en sluit aan by die stryd teen apartheid.





Nelson Mandela as student

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Prokureur



Nelson Mandela het as ‘n prokureur probeer om mense te help wat gevange geneem is omdat hulle die arbeidswette oortree het.





Hy help ook om ‘n nie-gewelddadige versetveldtog te organiseer.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vryheidsmanifes

Mandela en sy vriende in die ANC het 'n vryheidsmanifes opgestel – lys dinge wat hulle gevoel het elke Suid-Afrikaner toegelaat behoort te word.






"Suid-Afrika behoort aan elke mens."





Betogings teen die apartheids regering het gevolg en Mandela is 'n paar keer in hegtenis geneem.

# Robbeneiland

In 1964 het die owerhede hom na die tronk op Robbeneiland gestuur en hy is gevonnis tot lewenslange tronkstraf.


Hy was ‘n politieke gevangene omdat hy aanhou opgestaan het vir dit waarin hy geglo het.








Tronk op Robbeneiland



# Nelson Mandela word vrygelaat


THE VOICE
Britain's Best Black Newspaper!
40p weekly
INSIDE
VOICE SPECIAL REPORT ON NELSON MANDELA AND THE FUTURE FOR SOUTH AFRICA
FREE AT LAST
Mandela salutes a new dawn

In 1990 word Nelson Mandela vrygelaat ná 27 jaar in die tronk.

Meeste van die tyd was hy in die tronk op **Robbeneiland**, maar die laaste 2 jaar was hy in die **Victor Verster** gevangenis in die Paarl.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Nobelprys vir Vrede

In 1993 ontvang Nelson Mandela en FW de Klerk die Nobelprys vir Vrede vir hulle werk om apartheid vreedsaam te beëindig.




Nelson Mandela








FW de Klerk

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Suid-Afrika ‘n demokratiese land

In 1994 vind Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing plaas.












Nelson Mandela word Suid-Afrika se eerste swart president.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Ander

Na sy aftrede as president het Nelson Mandela sy werk vir vrede, vir kinders en vir mense wat met MIV/VIGS lewe, voortgesit.

Nelson Mandela-kinderfonds




Mandela Rhodes-stigting




46664 Internasionale MIV/VIGS bewussyn- en voorkomingsveldtog

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Mandela sterf

Op 5 Desember 2013 sterf Nelson Mandela op 95-jarige ouderdom.






Nelson Mandela se begrafnis

Laerskool Mikro Kopiereg ©


# Nelson Mandela (1918-2013)

Ná Nelson Mandela se aftrede as president het hy sy werk vir **VREDE**, vir **KINDERS**, **LEIERS** en vir mense wat met **MIV/VIGS** lewe, voortgesit.




**Internasionale Nelson Mandela-dag**

Elkeen word aangemoedig om elke jaar op 18 Julie, 67 minute te spandeer om iets goeds vir iemand anders te doen.




# Nelson Mandela (1918-2013)


**<u>Nelson Mandela-kinderfonds</u>**

Dit is 'n organisasie wat fondse insamel. Hulle help dan om kinders en jongmense se lewens te verbeter.





# Nelson Mandela (1918-2013)




**Mandela Rhodes-stigting**

Hierdie stigting gee geleentheid (geld) vir jongmense in Afrika, wat leierskappotensiaal het, om ná skool verder te studeer.






# Nelson Mandela (1918-2013)

**46664 Internasionale MIV/VIGS bewussyn- en voorkomingsveldtog**

Die veldtog maak mense bewus van MIV/VIGS en dinge wat daartoe bydra om die siekte te versprei.




**Nelson Mandela se gevangene nommer was 46664. Dit beteken hy was die 466ste persoon wat in 1964 in hegtenis geneem is.**



# Kom ons dink ‘n bietjie

1. Hoekom was Nelson Mandela ‘n goeie leier?
2. Was dit altyd vir hom maklik om ‘n goeie leier te wees?
3. Was hy gewild of ongewild as gevolg van die dinge wat hy gedoen het?
4. As ‘n leier, was hy altyd perfek?
5. Watter lesse het jy by Mandela geleer?



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Memorandum P.123 nr. 2(a-e)


1. Hy was ‘n goeie leier, want hy was dapper en eerlik en het sy hele lewe lank geveg teen apartheid.

2. Nee, hy het deur moeilike tye gegaan.

3. Hy was gewild onder mense wat teen apartheid gekant was en ongewild onder mense wat in apartheid geglo het.

4. Nee, almal maak foute.

5. Nelson Mandela het opgestaan vir dit waarin hy geglo het. Hy was dapper en eerlik. Hy het geveg vir ander se welsyn, hy het gedink aan ander en hulle gehelp waar hy kon. Hy het deursettingsvermoë gehad en dinge probeer verander.




Laerskool Mikro Kopiereg ©